

KOMMUNIKAMMA 9 MEI 2021



Kraggakamma
Gemeente
Ons is God se fontein van liefde



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK:

Jesaja 66:13a

“Soos ‘n moeder haar kind laat veilig voel, so laat Ek julle veilig voel.”

Dankie vir ons moeders wat ons, soos die Here, laat veilig voel. Ons dank ons Vader vir al die wonderlike moeders en dames in Kraggakamma. Ons bid dat God jou in besonder vandag sal seën en sal toevou in Sy liefde vir jou.

SAKE vir GEBED:

- Dank die Here vir die wonderlike reën waarmee Hy ons geseën het.
- Vader, ons buig laag in verootmoediging voor U en pleit by U om vir ons lieflike reën te stuur. Here U weet wat die toestand van ons damme is. Asseblief Heer. Wees ons genadig.
- Dank die Here vir Sy leiding met die beroepingsproses. Ons bid die Here se seën vir Elsché Eygelaar en Du Toit Wessels wat altwee preekbeurte hier by ons sal kom doen. Ons bid dat God vir ons duidelik sal wys wie Hy hier by Kraggakamma wil hê.
- Daar is so baie mense wat in nood verkeer, hetsy finansieël, emosioneel, behuising en voedsel. Indien die Here dit op jou hart lê om iewers ‘n bydrae te maak, bid ons dat jy nie sal huiwer nie.
- Ons president moet baie belangrike besluite neem wat almal se toekoms raak. Bid dat God hom daarin sal lei en dat die besluite tot uitvoering sal kom.
- Ons burgemeester en komitee werk hard en ons is dankbaar om te sien dat daar nou daadwerklike pogings in die regte rigting aangewend word.
- Josh moet nou in ‘n isolasie kamer bly en ons glo dat die operasie eersdaags sal plaasvind.
- Willie Möller het Dinsdag ‘n drie dubbele hartomleiding gehad. Bid vir volkome herstel.
- Jan Strydom se herstel na ‘n operasie.
- Dawie Nell is in die hospitaal.
- Die Moslems vier nou hulle Ramadan tot 12 Mei. Ons bid dat baie van hulle ‘n honger na ‘n lewende verhouding met Jesus sal hê.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid dat Christene vanuit die buiteland wat in **Maldives** werk, getuies sal wees van die hoop wat hulle in Christus het.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en ‘n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Daar mag nou 250 persone per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy ‘n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van ‘n plek in die eredienste.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 9 Mei

08:30 Eietydse Diens

Ons verwelkom vanoggend vir ds Elsché Eygelaar by ons gemeente.

<https://youtu.be/VNM9a9fPwig> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

10:00 – Klassieke Diens

Deurdankoffer by die eredienste gaan vir Huis Louisa Meyburgh

10:00 – Kategese

Kategese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 – 11 kategese vind by ouerhuise plaas.

Maandag 10 Mei

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

18:00 GETUIENIS DIENSTERREIN

Dinsdag 11 Mei

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R 194 389 gebruik om kos aan te koop.

Die gemeente se beskikbare fondse vir hierdie projek is baie min. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassialaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

17:30 EIENDOMME DIENSTERREIN

Woensdag 12 Mei

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Donderdag 13 Mei

18:30 HEMELVAARTSDIENS

Vrydag 14 Mei

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Die pad vorentoe.

Kandidate is verminder na die volgende 3 aansoekers (in alfabetiese volgorde): Nicola Alberts, Elsché Eygelaar en Du Toit Wessels. Ons nooi 2 van die kandidate vir preekbeurte. Elsché Eygelaar preek Sondag en Toit Wessels preek Maandag, 17 Mei, tydens die oggend en aanddienste van die Pinksterdienste. Daarna sal die kerkraad op 'n vergadering op 20 Mei die beroep uitbring. Ons vra dat julle as gemeente saam met die Pre-Advies en kerkraad sal bly bid vir die proses.

PINKSTER 2021

Hier is die program van hierdie jaar se Pinkster:

Tema: Die Heilige Gees maak heel en nuut.

Datum en tyd	Prediker	Tema
Sondag 16 Mei 2021 om 18:30	MG van Rooyen	Die Gees vertroos en genees.
Maandag 17 Mei 2021 om 09:00 en herhaal om 18:30.	Du Toit Wessels	(Eie keuse)
Dinsdag 18 Mei 2021 om 09:00 en herhaal om 18:30.	Heinrich Carstens (Nuwe dominee van Lorraine)	Die Gees help ons om te glo.
Woensdag 19 Mei 2021 om 09:00 en herhaal om 18:30.	Gerhard Loubser	Die Gees lei ons in die hele waarheid.
Sondag 23 Mei 2021 om 08:30 en 10:00. Pinksterfees	MG van Rooyen	Die Gees bou, bemagtig en lei ons as die kerk.

Die dankoffer by Pinkster gaan vir die Bybelgenootskap.

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Daar moet ook werk by die Gazaniaan pastorie gedoen word. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie word reeds gedoen.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 9 Mei Lauren Nell, Sean Strydom en Sebastien van Wyk
- 10 Mei Hennie Botha, Gins van Rooyen en Danie van Wyk
- 11 Mei Quinnie Horn, Tiens Janse v Rensburg, Madeleine Nienaber, Julien Postma, Austin Roets, Samuel Saunders en Rika Terblanche
- 12 Mei Johanna Fourie, Jeanne Janse v Rensburg, Faan Nieuwoudt, Pieter Schoeman, Neels Snyman, Karla Vermaak en Rian Viljoen
- 13 Mei Trevana Schmidt en FJ van Niekerk
- 14 Mei Carter Loftie-Eaton en André Vivier
- 15 Mei Heindrich du Preez, Johan Smit en André Vivier



DANKOFFER

Die tweede maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by veertig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. As elkeen van die 40 kleuterskole tien boeke kan kry, benodig hul 400 boeke om mee te begin.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As u 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.